

Chris Jones*

Op 15 September elke jaar herdenk mense reg oor die wêreld die [Internasionale Dag van Demokrasie](#) – nie net om demokrasie te vier nie, maar ook om dit te bevorder en te beskerm.

Ek wil in hierdie artikel op demokrasie in Suid-Afrika (SA) – en veral op die skakel tussen ontwikkeling en demokrasie – fokus.

Dit sal regverdig wees om te sê dat toenemende werkloosheid, armoede en ongelykheid, asook die onstabiliteit wat dit veroorsaak, 'n bedreiging vir ons ons relatiewe jong demokrasie inhou. Daarom is dit so belangrik om ons mense met die vaardighede toe te rus wat hulle nodig het om tot die land se ontwikkeling by te dra.

Die Amerikaanse digter, [Walt Whitman](#) meen 'n land se ontwikkeling en volhoubaarheid hang tot 'n groot mate eerder van die vermoëns en aard van sy mense af as van die omvang van die land se natuurlike hulpbronne en grootte van sy ekonomie. Japan is 'n goeie voorbeeld van 'n land met min natuurlike hulpbronne waar sy inwoners se vindingrykheid tot rykdom gelei het.

Mense met vaardighede is 'n bate vir 'n land, terwyl ongeskoolde mense 'n las op die samelewing is. Die Amerikaanse ekonomiese professor Julian Simon redeneer in sy boek, [The Ultimate Resource](#) (1983), tekorte en probleme in 'n land moedig geskoolde mense aan om innoverend te wees en na oplossings te soek.

Ons het dringend blywende oplossings vir ons grootste probleme nodig om 'n stabiele demokrasie op die lang termyn te verseker. Ons het ook volhoubare ekonomiese ontwikkeling nodig wat ons op die pad na welvaartskepping vir alle Suid-Afrikaners kan plaas. Dit sal baie help om sommige van ons toenemende probleme wat dreig om ons demokratiese projek te ontspoor, te verlig.

Nywerhede en ontwikkeling

Wat welvaartskepping aan betref, begin ekonomiese ontwikkeling wêreldwyd gewoonlik met ontwikkeling in die primêre sektore soos landbou, vissery, bosbou en mynbou, wat op hulle beurt die grondslag vir vervaardiging en konstruksie is.

Dit skep 'n behoefte vir onder meer beter finansiële en administratiewe dienste, wat weer op hulle beurt vir die ontwikkeling van die primêre sektor sorg. Dit skep 'n bedryfsumgewing wat tot nuwe geleenthede vir vervaardiging en handel lei.

Dit was ook op Suid-Afrika van toepassing.

Ten slotte ...

Volgens [Harry Patrinos en Noam Angrist](#) is "'n land se mensekapitaal uiters belangrik vir sy ekonomiese sukses". Hulle het gevind dat "mensekapitaal die grootste onderdeel van 'n land se welvaart (64%) uitmaak. Alan Murray en David Meyer [wys daarop](#) dat "85% van die huidige markwaarde van korporasies in die VSA in ontasbare bates soos menslike, intellektuele en sosiale kapitaal versteek is. Aan die ander kant was 80% van die markwaarde van Amerikaanse korporasies 40 jaar gelede toeskryfbaar aan tasbare bates".

Ongelukkig was Suid-Afrika volgens die [Mensekapitaalindeks](#) van 2018 in die 126de plek uit 157 lande.

Indien ons sou aanhou om die spreekwoordelike gety verkeerd te interpreteer en nie ons mense doeltreffend vir 'n ekonomie in die 21ste eeu ontwikkel nie, sal armoede, ongelykheid en werkloosheid verder toeneem wat op die lange duur ons demokrasie kan erodeer en dit ernstige skade kan berokken.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Dr Chris Jones is hoofnavorsers in die Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie en hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.**